

[www.unistelmedical.co.za](http://www.unistelmedical.co.za)

DIEREDIENSTE / ANIMAL SERVICES

**unistel**®

Tel: +27 21 938 9213 • Fax: +27 21 932 0065

E-mail: [animals@unistelmedical.co.za](mailto:animals@unistelmedical.co.za)

The ultimate genetic service laboratory for:

**Identity:**

- DNA-Profile and Parentage


**Genomics:**

- Igenity (Igenity 150K, Beef/Dairy)
- Genetic- and other conditions:
- Pompe's disease
- Freemartinism
- Trichomonas Foetalis
- Bulldog syndrome (Dexter)
- 1/29-Translocation (cytogenetics)
- Congenital Myasthenic Syndrome (CMS)
- Myostatin (F49L-gene)

**Characteristics**

- Coat Colour (Red)
- Polled
- Double Muscling

**More on request**



## PRAKTIESE *Kunsmatige inseminasie*

>> DR. ANTON SMIT, Taurus

Kunsmatige inseminasie (K.I.) is sekerlik naas embryo spoeling, die reproduksie tegniek wat genetiese vooruitgang die vinnigste bewerkstellig. Met natuurlike dekking sal 'n geneties meerderwaardige bul ongeveer 20-25 nageslag per teelseisoen verwek, waar met K.I. kan hy honderde tot duisende in verskeie kuddes verwek in dieselfde teelseisoen. Ten spyte van K.I. se groot voordeel is dit 'n tegniek wat in vleisbees teeling relatief min gebruik word, in teenstelling met die suiwel bedryf waar ongeveer 70% van alle teelings deur K.I. plaasvind.

**A**ngesien vleisbees boerdery oor die algemeen meer ekstensief ten opsigte van bestuur en voeding as suiwel boerdery is, kan mens aanvaar dat K.I. minder maklik toegepas kan word. Tog kan daar groot welslae met K.I. behaal word en is daar kuddes wat met meer as 80% K.I. sukses spog. K.I. word selfs met sukses in kommersiele kuddes in die kalahari gebruik om uitblikker speenkalwers en vervangings verse te produseer.

Om K.I. suksesvol toe te pas is daar 'n paar belangrikke aspekte om na te kyk. Verskeie faktore het 'n groot invloed op jou K.I. sukses nl. Voedings status van vers/koei, reproduksie fisiologie, semen kwaliteit, K.I. tegniek, omgewings en bestuurs faktore

### **Voedings status:**

Dit is uiters belangrik dat diere wat geK.I. gaan word in 'n positiewe voedingsstatus is, m.a.w. gewig toeneem en nie gewig verloor nie, hiervoor is voldoende energie en proteïen in die dieet nodig. In die geval van koeie wat kalwers aan voet het is hulle geneig om vir die eerste 60 dae na kalf gewig te verloor voordat hulle

weer gewig begin toeneem, K.I. in hierdie tydperk is dus geneig om swakker resultate te gee. Aanvullende voeding deur lekke of byvoedings kan koeie verhoed om te veel kondisie te verloor of om gouer weer gewig toename te toon. As koeie wat met 'n halwe kondisie punt meer as 1,5 punte na kalwing val, neem die 1ste inseminasie konsepsies met byna 50% af.

Bo en behalwe proteïen en energie speel minerale en vitamïene ook 'n rol in reproduksie fisiologie en endokrine biochemie. Vit A en Multimin (Virbac) 'n maand voor kalwing en weer 45-60 dae na kalwing het vir my definatiewe voordele, verskeie Multimin (Virbac) kombinasies is beskikbaar en sal in oorleg met u veearts (ken omgewing se tekorte) gebruik moet word aangesien Cu toksies kan wees in oormaat.

### **Reproduksie Fisiologie:**

Wat min mense beseft is dat die eiersel wat bevrug word sy ontstaan reeds >100dae voor bevrugting het, dus in die meeste gevalle tydens die voorkalf periode. Alle invloede & stremings wat oor die eiersel ontwikkelings periode op biochemiese en fisiologiese vlak plaasvind het 'n effek op die eiersel se gehalte

en kans om 'n embrio te verwek. Dit is belangrik dat 'n koei so gou moontlik na kalwing weer siklies raak aangesien die verskillende hormone (GnRH, FSH, LH & progesteron) direkte invloede op mekaar en die eierselle het. 'n Normale siklus corpus luteum, skei progesteron af, wat na 14 dae afbeek en 'n negatiewe terugvoer meganisme aktiveer om follikel groei, oestrus en ovulasie te bewerkstellig. As dit nie gebeur nie is die koei onaktief, of indien daar nie voldoende progesteron in sirkulasie is nie, ontwikkel die volgende follikels nie sterk genoeg nie. Prakties sien ons dit dat koeie op 'n tweede of derde oestrus siklus beter kosepsies kry asop 'n eerste.

### **Semen kwaliteit**

Net soos wat koeie se eierselle deur verskillende faktore beïnvloed word, so ook word die spermselle beïnvloed. Ook in die geval van 'n spermsel, neem sy ontwikkeling ongeveer 8 weke alvorens dit reg is om bevrugting te bewerkstellig. Daar is 'n magdom invloede wat op die semen gehalte kan inwerk soos, konsentrasie, kontaminasie, bevriesings/ontdooings skok, hantering, blootstellings ens. Daar is ook die gevare van geslagsiektes en ander siektes wat deur semen oorgedra word soos bv. BVD. Daarom is dit juis belangrik om semen vanaf 'n betroubare verskaffer te verkry waar al die nodige siekte toetse, betroubare verdunnings mediums gebruik, beheerde bevriesings prosedure toegepas sowel as kwaliteits toetse vooraf gedoen is. Dit is raadsaam om semen wat nie kommersieel versamel of lank terug versamel is, voor dit vir K.I. gebruik word deur 'n veearts te laat evalueer.

### **K.I. Tegniek:**

Met die hantering van gevriesde semen is dit belangrik om die koue ketting ten alle tye te behou. Daar is gewoonlik 20 miljoen sperme in 'n mini (0.25ml) strooitjie, omdat die strooitjie silindries is, word die meeste sperme aan die buitenste oppervlak blootgestel, so enige temperatuur variasies op die oppervlak sal tot sperm afsterwe lui. Hanteer altyd net aan punt van strooitjie, beperk hanterings buite stikstof. Ontdooings temperatuur van water is 34-35 °C, water kan eerder te koud as te warm wees. Ontdooings tyd vir mini en medium strooitjies is 20 & 30 sekondes onderskeidelik. Moet nie teveel strooitjies gelyk ontdooi nie, verkieslik moet strooitjies nie langer as 5-8 minute in water bly nie. Ontdooi apparaat (220V of 12V) is handig as groot groepe diere insemineer word.

Sorg dat K.I. toerusting skoon is, was met warm water en moet nie in kontak met ontsmetmiddels bring nie.

Die Alpha skede (IMV) is 'n nuwe konsep in K.I. skedes, met 'n soliede ronde punt en twee gaatjies aan die kant net agter die punt, baie soortgelyk aan embrio

skedes, wat makliker K.I. en minder kans vir trauma met inseminasie bevorder. Kliente terugvoer dui op ten minste 5-7% beter kosepsie resultate met Alpha skedes (IMV) as konvensionele skedes.

K.I. tegniek het net 'n paar basiese beginsels en elke persoon ontwikkel sy eie unieke styl en tegniek. Die basiese beginsels is, kry die pistolet so gou moontlik binne die vagina (temperatuur en sonlig beskerming), vind en stabiliseer serviks, loker die os van serviks, manipuleer die serviks oor pistolet en deponeer semen binne in uterus of serviks, vermy trauma, stadige vrystel van semen net in opening van serviks is beter as om lank te krap aan serviks met gevolglike bloeding.

### **Omgewings en bestuurs aspekte:**

Uiterste klimaats omstandighede veral 1ste 14 dae na KI, bv. erge hitte of koue kan tot embrio verliese ly. Voedings steurnisse, bv. Asidose, Nitraat vergiftiging sal ook tot embrionale verliese ly.

Hantering van beeste voor tydens en na KI moet met die minimum stress gepaard gaan aangesien adrenalien afskeiding kosepsies kan benadeel. Dit is goed om diere ten minste 'n week voor K.I. daaglik deur drukgang te laat loop.

Hitte observasie is belangrik om goeie kosepsies te verseker, met beste resultate as daar 8 – 14 ure na staande hitte geK.I. word. Met vaste tyd K.I. kan goeie kosepsies ook behaal word as daar toegelaat word om tyd van K.I. aan te pas met koeie/verse se reaksie en eerste hitted. Daar is 'n verskeidenheid vastetyd programme, maar dit is belangrik om hulle te verwyn vir u omstandighede en bestuurs toestande.

Vir hitte observasie is daarook handige hulpmiddels soos "TailPaint, Kamars, Estroject, Fasco".

Opsommend as K.I. oordeelkundig gebruik word kan dit vir u groot genetiese voordele inhou sonder om kudde reproduksie teelwaardes in te boet nie.



# West Front

TULI STOET

Rikus van der Merwe

Posbus 56 • West Front • Britstown • Noord-Kaap • 082 890 0351 • E-pos: [admin@westfront.co.za](mailto:admin@westfront.co.za)



**Algehele Uitverkoop** 22 Junie 2017 te West Front Britstown



# Die waarde van

## GEREGISTREERDE RASEGTE BULLE

>> DR P VAN ROOYEN, SA Stamboek

Tydens enige gesprek tussen boere oor vleisbeesboerdery, stoet sowel as kommersieel, is die eerste onwillekeurige gedagte : ras. Met watter ras boer jy, of watter ras is kwansuis “die beste”?

**Wat is ‘n plaasdier ras?**

**Die Diereverbeteringswet definieer ras, as volg:**

**“ras” is ‘n populasie van diere wat ‘n nageslag voortbring wat oor ‘n hoë graad van genetiese stabiliteit beskik soos blyk uit identifiseerbare eenvormigheid in rasstandaarde en -prestasie.**

**R**asse het oor tyd ontwikkel deur eerstens, natuurlike seleksie weens omgewingsbeperkings en tweedens op grond van seleksie deur mense of gemeenskappe om te voldoen aan hul spesifieke behoeftes vir melk, vleis, vesel, aanpasbaarheid, ens.

‘n Ras is dus ‘n groep diere, gegroep (geselekteer), ontwikkel en beheer deur menslike ingrype met gevolglike spesifieke of unieke eienskappe ten opsigte van vorm, kleur, produksie en funksionele doeltreffendheid. Hierdie eienskappe het uiteraard ook

‘n direkte ekonomiese waarde.

Volgens die Diereverbeteringswet is ‘n groep eenvormige diere slegs ‘n “ras” indien dit deur die Registrateur van Diereverbetering as ‘n ras verklaar is en as sulks in die Staatskoerant afgekondig is. So is daar 34 vleisbeesrasse tans verklaar wat in die Staatskoerant afgekondig is.

‘n Verklaarde ras kan óf ‘n bestaande ras wees, óf ‘n ras wat volgens wetenskaplik gefundeerde teeltbeginsels, ontwikkel is. ‘n “Ontwikkelde” ras is egter nie bloot die samevoeging van twee of meer bestaande rasse en nou het jy ‘n “nuwe” ras nie. Sulke “saamgevoegde” of kruisdiere, lewer dikwels merkwaardige produksie resultate, maar dit is hoofsaaklik weens heterose (basterkrag), en is nie noodwendig oordraagbaar nie.

Nee, die ontwikkeling van ‘n saamgestelde ras, verg gestruktureerde insette, deeglik beplan op grond van veekundige reëls en beginsels wat gedissiplineerd oor tyd, toegepas moet word. Dit neem gewoonlik 5-6

# Buffels Bosch

Our aim is to breed for conformation , fertility & adaptability with a medium framed type animal which is functional & productive. A great choice for crossbreeding.

**First in the KZN midlands**

# TULIS



**BUFFELS BOSCH**

072 104 3422 | [paul@saplatimbers.co.za](mailto:paul@saplatimbers.co.za) | P.O.Box 481 | Howick | 3290  
LIDGETON HOWICK DISTRICT, KZN MIDLANDS



**CASMAN** *Tulis*

CASPER KRIEL • TEL: 082 805 0926  
BOSHOF • [casmantuli@gmail.com](mailto:casmantuli@gmail.com)

# bendri DORMER



BETHLEHEM • E-Pos: [ben3ros@gmail.com](mailto:ben3ros@gmail.com) • Ben Rossouw 083 454 2930 • Drice Rossouw 079 695 6504



STOETRAMME IN GEBRUIK VIR BOUVORM EN VRUGBAARHEID

generasies (tussen 30 en 40 jaar) van doelgerigte teling en seleksie, gegrond op genoemde beginsels, voordat hierdie ontwikkelende populasie as ras verklaar kan word. Klassieke voorbeelde hiervan is die Bonsmara of die Dorper waarvan die ontwikkeling deeglik aangeteken en geboekstaaf is.

Die unieke eienskappe (visueel en produksie) wat vleisbeesrasse van mekaar onderskei, is die grootste bepalende faktor wanneer 'n veeboer moet besluit met watter ras hy wil boer.

Hierdie spesifieke unieke eienskappe is dus die rede vir 'n ras se voortbestaan. Indien hierdie eienskappe nie ekonomiese waarde het en werklik "vas" geteel is in 'n ras nie, sal die impak van die ras noodwendig mettertyd vervaag tot 'n skamele "sentimentele" bestaansreg.

Die enigste manier egter hoe hierdie rasspesifieke unieke eienskappe nie net vir 'n ras behou kan word nie, maar meer belangrik, verder uitgebou (verbeter) kan word, is deur gestruktureerde evaluering van die eienskappe en beplande seleksie daarvoor binne 'n bepaalde teeltbeleid wat doelgerig toegepas word.

Dit sal alleenlik suksesvol plaasvind, binne 'n gestruktureerde telersorganisasie met minimum standaarde en reëls wat konsekwent toegepas word met geloofwaardige aantekening van herkoms, afkoms en produksieaantastawwe.

Dit is waarom daar Telersgenootskappe is. Die belangrikheid vir hierdie strukture is voor-die-hand-liggend. Daarom ook dat die Dierverbeteringswet baie duidelike riglyne in hierdie verband neerlê.

Onder hierdie Wet, kan 'n Telersgenootskap gestig word as daar minstens sewe telers is van 'n verklaarde ras en indien daar nie reeds 'n Telersgenootskap vir daardie ras bestaan nie. So 'n Telersgenootskap moet onder andere voorsiening maak vir:

- 'n Grondwet wat die gedissiplineerde bestuur van die Genootskap bepaal.
- 'n Stel minimum rasstandaarde wat voldoen aan aanvaarde biologiese en ander norme wat die genetiese verbetering van die ras ten doel het.
- 'n Registrerende Owerheid wat die aantekening van eienaarskap, geboortes, ouerskappe en die bou van stambome, geloofwaardig doen, ouerskappe verifieer en produksiemeting en evaluering aanmoedig.

Telersgenootskappe wat op hierdie formele basis gestruktureer is met 'n Raad met bepaalde verantwoordelikhede wat demokraties verkies word deur opbetaalde lede, verleen legitimititeit aan die organisasie.

Die gemiddelde kuddegrootte van die 22 Vleisbeesrasse wat lede van Stamboek is, is 180 diere, met nagenoeg 90 teelkoeie per kudde.

Die hoogste gemiddelde kuddegrootte is 380 diere (225 teelkoeie) en die gemiddelde kuddegrootte van die ses

grootste rasse — behels 80% van alle geregistreerde diere by Stamboek — is 220 of 110 teelkoeie.

By hierdie 6 rasse, is meer as 82% van die diere in produksiemeting.

Die meeste geregistreerde bulle kom dus uit kuddes waar die diere ekstensief geteel word en onder veldtoestande produseer en evalueer word vir die meeste ekonomiese belangrike eienskappe.

Waar plaas hierdie reguleringsmeganismes die beesboer in die praktyk?

Die belangrikheid van 'n teelbul in enige kudde, stoet en kommersieel, kan nooit oorbeklemtoon word nie. Onthou: 'n koei dra by tot 50% van haar kalf se genetiese samestelling. Die bul dra egter by tot 50% van al sy kalwers se gene.

Die beesboer se verantwoordelikheid in sy besluite oor watter bul om te gebruik, is dus van die uiterste belang en het uiteraard betekenisvolle ekonomiese gevolge.

Dit is dus net logies dat 'n produsent alles moontlik sal doen om die regte besluit te neem by die aankoop van 'n teelbul.

Die suksesvolle mielieboer, kies vandag sy saad amper pit-vir-pit. Hy bepaal eers presies wat hy nodig het volgens sy spesifieke grondtipe en omgewing. Verder is die inligting beskikbaar op die saadkatalogus en kan hy dus hierdie inligting gebruik om volgens sy behoeftes en hulpbronne, grondtipe, reënval, ens. presies die regte saad aan te koop. Dieselfde geld ten opsigte van die toediening van kunsmis. Die risiko's is net te hoog om 'n kans te vat met 'n moontlike verkeerde keuse.

Dieselfde geld vir die beesboer. Hy kan in vandag se knyptang ekonomiese klimaat, eenvoudig nie bekostig om 'n "mogge-trofte" besluit ten opsigte van 'n bul te neem nie. Sonder die toepaslike onafhanklik geverifieerde inligting, raai jy as jy 'n bul kies en is dit inderdaad 'n "mogge-trofte" oefening.

Weens die voortdurende styging van insetkoste, is kommersiële boere dikwels onder die versoeking om ongeregistreerde kruisrasbulle te koop.

Die motivering is gewoonlik dat die bulle goedkoper is, mooi vertoon, aangepas is in die omgewing en gehard is.

Hierdie praktyk kan egter ernstige nadelige gevolge vir die boer inhou, want:

— Jy koop bloot op sigwaarde. Daar kan dalk wel 'n paar gewigte beskikbaar wees, maar dit is alles net die dier se eie prestasie wat veral by eerste kruisings 'n groot element van heterose (basterkrag) bevat wat nie noodwendig oordraagbaar is nie.

— Daar is nie teelwaardes beskikbaar wat beraam word deur ook die dier se ouers en ander verwantes (stamboom-inligting) se prestasies in ag te neem nie.

Kruisrasbulle is met ander woorde nie blootgestel aan die deeglik bewese waarde van wetenskaplik gefundeerde effektiewe diereverbeteringstelsels waaraan stoettelers deelneem nie.

Stoetdiere is die produk van onafhanklike, geïntegreerde registrasie-, stamboom- en produksieaantekening stelsels met BLUP-teelwaardes wat daaruit verkry word. Hieronder is dit bykans onmoontlik om blywende genetiese vordering te verkry.

— Die beraamde teelwaardes van 'n jong bul, selfs sonder nageslag vir geboorte – en speengewigte, is nagenoeg 15-20 keer meer akkuraat as prestasietoetsindekse vir daardie eienskappe. Genomiese teelwaardes sal waarskynlik nog 5-10 keer meer akkuraat wees.

Lank reeds vergete is die teenargumente wat wou beweer dat stoettelers net kyk na stambome. 'n Stamboom alleen het inderdaad weinig waarde, maar Stamboom-inligting met volledige gemete produksiewaardes wat onafhanklik verwerk word tot beraamde teelwaardes, is die enigste seleksiehulpmiddels wat permanensie aan enige teeltbeleid kan gee.

Sonder hierdie inligting raai jy en dobbel jy en dit is eenvoudig nie in vandag se ekonomiese toestande, goed genoeg nie.

Dit is ook 'n mite dat stoettelers kwansuis net na syfers kyk en nie die dier visueel evalueer nie. Elke Telersgenootskap het 'n stel rasstandaarde gebaseer op funksionele doeltreffendheid wat slegs visueel evalueer kan word. Visuele evaluasie, sonder die rugsteun van onafhanklik verwerkte produksiedata, is net so riskant as om net na syfers te kyk.

— Die waarde van 'n kruisrasbul as teeldier moet nie verwar word met die produksiewaarde van 'n kruisraskoeie nie.

Verskeie navorsers het bevind dat die speenkalwers van kruisraskoeie, gemiddeld 13% swaarder is as dié van suiwerraskoeie van dieselfde rasse onder dieselfde omstandighede, terwyl kruisrasbulle geen bydrae tot die verhoging van speengewig in kommersiële produksiestelsels lewer nie.

— Die mark verander voortdurend en kommersiële vleisprodusente moet hul produk hierby kan aanpas. Die vinnigste manier om dit te doen, is met die bulle wat jy gebruik. Omdat die stoetteler presies weet wat hy het sonder om te raai, is dit makliker vir die stoetteler om sy seleksieprogram by hierdie veranderende vraag aan te pas en bulle te teel wat die mark verlang.

— Dit is ongelukkig te laat wanneer jy agterkom dat die kalwers van 'n kruisrasbul nie presteer soos wat die bul “gelyk” het nie!

Kry dus alle moontlike inligting voor jy besluit op 'n bul:

- Bulle geregistreer op 'n onafhanklike databasis

het 'n unieke registrasienommer en die dier se stamboom met sy voorgeslag se inligting, herkoms en produksie-inligting, is geloofwaardig beskikbaar — dus bewese waarde. Hierdie is waardevolle gereedskap in die produsent se gereedskapskas.

- Die volgende aanhaling kom op die webblad van North Dakota State University voor: “The information of our various bulls’ reports on the Society’s database reflects bulls that are higher in birth weight and moderate in growth and milk. The centre also places more emphasis on marbling and even more pressure on rib-eye area. These selection criteria mean little or no assistance is needed for the cows calving on pasture. It also means the cattle have a practical frame package and excellent carcass traits.”

Kortom: Omdat die inligting beskikbaar is kan hulle in hul teeltbeleid volgens hul behoeftes, die eienskappe identifiseer wat aan hul behoeftes voldoen en deur seleksie daarvoor, hul doelwitte bereik, terwyl gediskrimineer word teen ongewenste eienskappe.

Geregistreerde gemete bulle het 'n argief vol inligting wat nie net bewys dat die dier is wat van hom gesê word in 'n geverifieerde katalogus nie, maar jy hoef ook nie te raai of te hoop wat hy gaan presteer ten opsigte van die eienskappe waarvoor jy hom selekteer nie. Dit is geméét en : jy wéét nou dat hy nie meerderwaardig is ten opsigte van hierdie eienskappe net omdat hy per toeval (heterose) self hierin presteer het nie, maar meer nog, omdat hy dit weens oorerwing het weens doelgerigte seleksie.

In die vleisbeesbedryf is ons bevoorreg om net soveel inligting soos die saaiboer tot ons beskikking te hê, as ons by die regte teler koop.

Daar is genoeg bewyse van suksesse behaal met die gebruik van doeltreffende seleksiehulpmiddels soos produksiemeting en die logiese uitvloeisel daarvan, naamlik BLUP teelwaardes en nou ook in die nabye toekoms, genomiese teelwaardes.

Telersgenootskappe wat amptelik geverifieerde katalogusse beskikbaar stel, gee 'n aantal ekonomies belangrike eienskapwaardes waarvolgens jy, as jy weet wat jy nodig het, met vertroue 'n bul kan uitkies. Hierdie gegewens is deur 'n onafhanklike diensverskaffer, SA Stamboek, verwerk en geverifieer en is nie die verkoper se eie verwerkings nie. Dit is dus geloofwaardig en kan met groot vrug gebruik word as hulpmiddel in jou besluitneming.

Geen ernstige veeboer kan vandag die risiko bekostig om 'n bul aan te koop sonder die nodige amptelike data tot sy beskikking om 'n ingeligte besluit te kan neem nie. 'n Besluit op sigwaarde sonder die nodige ondersteunende inligting, sal neerkom op dobbel.

Geloofwaardige produksie- en evaluasie-inligting is slegs beskikbaar vir 'n geregistreerde bul.

# Bio-sekuriteit

## OP JOU PLAAS

>> DR H PIENAAR, Privaat Veearts, AnimaVet Pretoria

Die gereelde uitbrake van Trichomonosis, *Campylobacteriosis* (Vibriosis) en Besmetlike Misgeboorte (BM) in Suid-Afrika behoort die belangrike rol wat gereelde toetsing speel vanselfsprekend te maak. Elke maand kom daar 'n siekteverslag uit wat saamgestel is deur RuVASA (The Ruminant Veterinary Association of South Africa), omtrent 150 praktyke oor die land dra by tot die verslag deur siektes te rapporteer wat hulle die laaste maand gesien het. Dit sluit alles in van parasiete tot mineraal tekorte en infektiewe siektes. Ek is bevrees Trichomoniasis, Vibriosis en BM kom al hoe méér voor.

Daarom is dit krities dat elke bul wat aangekoop word, vóór verkoop moet getoets word vir Trich, Vibrio, BM en Tuberkulose. 'n Vrugbaarheidstoets kan sommer terselfertyd gedoen word. BM is 'n enkele serologiese toets, en behels net een besoek van die veearts, staatsveearts of tegnikus wat dan bloed trek daarvoor. Trich en Vibrio moet weekliks getoets word vir drie weke in 'n ry. Die eerste toets moet verkieslik binne twee weke na die teelsoen gedoen word met betrekking tot Trich (dis wanneer die organisme die aktiefste is). Die toets van keuse vir Trich en Vibrio is 'n skede skraap (die kry

voorkeur bo 'n skede was om rede dit vinniger is om uit te voer en 'n kleiner volume toets materiaal gelewer word, wat dus makliker is om te hanteer).

Basiese beginsels wat gevolg kan word om uitbrake van hierdie siektes op jou plaas te voorkom sluit in isolasie van veral nuwe bulle wat aangekoop is en ook gereelde kuddemonitering deur jaarlikse serologiese toetse vir BM en TB (indien die kudde nie vry gesertifiseer is daarvoor nie). Indien die bulle nie getoets is vir TB, BM, Trich en Vibrio voor verkoop nie, moet die diere getoets word terwyl hulle in isolasie is op die plaas. Jy kan jou veearts of die staatsveearts of sy tegnikus kry om dit vir jou te doen. Nuwe koeie en verse wat aangekoop is moet ook getoets word vir BM en TB. Verse wat op die plaas geproduseer word, moet ingeent word teen BM. Indien jy verlengde kalf intervalle (dit dui baie keer op vroeë embrionale dood) of aborsies het op jou plaas is dit van kardinale belang om jou veearts daar te kry om die nodige ondersoek in te stel en ook maontlik toetse te doen vir die bogenoemde siektes. Sou van die diere positief toets, sal jou veearts jou help om die regte stappe te neem om verpreiding daarvan te beperk en the probeer verhoed.

**W**olhaarkop  
*Fulvi's*  
POSTMASBURG, NOORD-KAAP



***Uit die Kalahari vir die Kalahari.***



# Animal

## DISEASES ACT (Act 35 of 1984)

>> DR LS VAN HELDEN, State Veterinarian: Epidemiology, Western Cape Veterinary Services

Being a state veterinarian comes with many challenges, but the cause of one of the biggest frustrations is the misconception that the state alone is responsible for preventing and managing controlled animal diseases. This results from a lack of knowledge of the Animal Diseases Act (Act 35 of 1984), which gives state veterinary services the power to intervene during outbreaks of controlled diseases, but also outlines the responsibilities by law of all owners or managers of land on which there are animals.

It is the responsibility of all animal keepers to take all reasonable precautions to keep their livestock free of disease and parasites. This includes putting good biosecurity measures in place, practising vaccination for preventable diseases, keeping one's animals in good condition and scheduling regular visits with your veterinarian.

In the unfortunate event of a controlled or notifiable animal disease occurring on a property, it is the duty of the owner/manager to report the case immediately to the local state veterinarian. It is also the owner/

manager's responsibility to inform all of the neighbours as well as anyone to whom he has sold animals in the last 30 days or to whom he is planning to sell animals.

To use a relevant example, bovine brucellosis is currently a major problem in South Africa. Although the state has the resources to design a control strategy, the implementation of such a strategy is impossible without the co-operation of every cattle farmer. In fact, the control of the disease would be vastly simpler if everyone in the country vaccinated their heifers (as required by law), tested their herds on a regular basis, called their private veterinarian to investigate cases of abortion or poor fertility, made sure only to buy cattle from certified Brucella-free herds and prevented contact with other herds or wildlife. Of course, in complicated situations of the real world, it is not always possible to take every precaution, but by at least being aware of our roles and responsibilities, we can ensure that we have done everything to the best of our ability to protect our own herds and, by extension, our neighbours' herds and the national herd.

## PRID DELTA

### SUID-AFRIKAANSE RESULTATE MET PRID® DELTA SPREEK VANSSELF...

- 8 Veeartse, 9 ekstensiewe vleisbeeskuddes onder goeie bestuur.
- In 8 verskillende distrikte, hoofsaaklik suurveld/grasveld.
- Estrussinkronisasie is toegepas op 4 540 vleisbees vroulike diere, gedurende die 2015/2016 teelseisoen.
- PRID® DELTA is gebruik in 'n protokol wat **slegs 3 hanterings verg** (insluitend KI) – Souza A. Carneiro P. Valenza A - 2015.
- **53.6%** van die diere is **beset op dag 1** van die teelseisoen d.m.v. 1 x vaste tyd KI (n=2 433) – Data op Meer, 2016. Uitgesluit netto resultaat van opvolgbulle wat ongeveer 14 dae na vaste tyd KI bygesit is en meestal ongeveer 5 persentasiepunte hoër is met sinkronisasie – So Fikvo, 2013.

Hierdie produsente gaan onder andere die volgende 8 vrugte pluk:

1. **Opvolgbulle werk doeltreffender** as bulle in 'n kudde met ongesinkroniseerde estrusverspreiding.
2. Langer hersteltyd vir koei reproduksiestelsel vir **beter herkonepsie** in die volgende teelseisoen.
3. Gemiddeld 53,6 % van die nageslag is nou van **voorkeurgenetika**.
4. Minimum ouderdomsvariasie – **akkurater seleksie van vervangingsverse**.
